

BORRELKLUB



NUUSBRIEF

1ste Kwartaal | Uitgawe 2 | Datum: 11 Februarie 2019

DIE AFGELOPE SONDAG


Ons het die afgelope Sondag afgewyk van ons normale lesse en, met die oog op Valentynsdag, met die kinders gesels oor liefde in die algemeen en hoe lief God ons het.

Ons het ook 'n bietjie handvaardig geraak en kolwyntjies versier!

Wat 'n heerlike manier om liefde uit te leef!

Eerskomende Sondag, 17 Februarie, gaan ons stilstaan by God se waarskuwing vir die mense op die aarde oor die eerste natuurramp wat die wêreld sou tref.

Lees gerus saam met u kind/ers hierdie week Genesis 6 - 9.



ONS LEIDSTERS

Soos verlede week belowe, gaan ons die volgende paar keer 'n bietjie meer vertel oor ons leidsters.

Bessie Badenhorst (leierkategeet) kom al vir die afgelope 21 jaar saam met die kleinspan in Mosselbaai Moedergemeente. Sy het 'n passie vir die Here se werk onder die kleingoed. Langs die pad het Bubbles by haar aangesluit en werk die twee saam in 'n span. Sy los hierdie kwartaal af as jeugwerker en werk ook met die Gr 4 - 6 leerlinge.

TENTJIE-AAND : VRYDAG, 1 MAART VANAF 17:00 OP DIE KERKTERREIN

Ons groot hoogtepunt hierdie kwartaal is die TENTJIE-AAND!

Ons het verlede jaar ons eerste geleentheid gehad, en dit was 'n reuse sukses. Ons het die afgelope Sondag registrasievorms vir die aand uitgedeel, en ons vra dat ouers so spoedig as moontlik hierop sal reageer (op die laatste Sondag, 23 Februarie), ter wille van getalle. Die vorms en die geld kan by die kerkkantoor ingehandig word (R50 per volwassene en R30 per kind).

Hierdie geleentheid is slegs vir ons voorskoolse oudjies (wat deur een of meer ouers vergesel moet word), en dan Gr 1 tot Gr 3.

Moet asb nie wegbly indien jy nie 'n tent het nie, of as die finansies druk. Skakel asseblief vir Bessie (084 224 5323) of vir Henri in hierdie verband

Ons sien ook baie uit na die skattejag op Sondag, 10 Maart.

BAIE HARTLIK WELKOM AAN ons eerste manlike kategeet by die Borrelklub.

Desmond Esterhuizen het die afgelope Sondag by ons aangesluit om die tweede Gr 2 klassie te neem.

